Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2024

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** 150

**TYD:** 3 uur

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsopgawe in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: UITDAGINGS WAT KONGO NA ONAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE MUUR DIE KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJET-UNIE VERSTERK?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Identifiseer uit die bron, TWEE eise wat Khrushchev aan die Verenigde State en sy bondgenote gestel het. (2 x 1) (2)

1.1.2 Hoe, volgens die bron, het Eisenhower op Sowjet-eise gereageer? (1 x 2) (2)

1.1.3 Wat word geïmpliseer deur 'na-oorlogse ooreenkomste oor die besetting en bestuur van Duitsland en Wes-Berlyn'? (1 x 2) (2)

1.1.4 Waarom, volgens die bron en jou eie kennis, was die VSA en Brittanje teen 'n vrye Berlyn met geen gewaarborgde toegang tot die Weste nie? (1 x 2) (2)

1.1.5 Verduidelik waarom die kruising van vlugtelinge van Oos-Berlyn na Wes-Berlyn 'n ramp vir die Ooste sou beteken as dit sonder toesig gelaat was. (1 x 2) (2)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Wie, volgens die bron, het die doringdraadheining bestel wat Oos- en Wes-Berlyn verdeel? (1 x 1) (1)

1.2.2 Definieer die term *Koue Oorlog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.2.3 Wat, volgens die bron, sou die belangrikheid van die Berlynse Muur wees? (3 x 1) (3)

1.2.4 Noem die TWEE lande wat 'n stryd/dooiepunt gehad het kort nadat die muur gebou is. (2 x 1) (2)

1.2.5 Waarom dink jy het die stryd/dooiepunt tot die mees spanningsvolle oomblikke van die Koue Oorlog in Europa gelei? (1 x 2) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Waarom, volgens die bron, was daar ŉ voorstel vir die viermag-samesprekings onder die militêre bevelvoerders in Berlyn? (1 x 2) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar op die stelling: 'die Sowjetunie het bedekte (vermomde) dreigemente gemaak' om "nie ŉ passiewe waarnemer te bly nie". (1 x 2) (2)

1.3.3 Definieer die term v*iermagsamesprekings* in die konteks van die Berlynse krisis. (1 x 2) (2)

1.3.4 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van hierdie bron vir ŉ historikus wat die Berlynse krisis navors. (2 x 2) (4)

1.4 Lees Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik waarom Oos-Berlyners bereid was om te sterf deur die Berlynse Muur na Wes-Berlyn te probeer oorsteek. (2 x 2) (4)

1.4.2 Lewer kommentaar oor die houding van die Wes-Berlynse polisie teenoor die tiener. (2 x 2) (4)

1.5 Vergelyk Bron 1B en Bron 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C met betrekking tot die Berlynse Muur ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Berlynse Muur die Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika (VSA) en die Sowjetunie (USSR) versterk het. (8)
**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: WATTER IMPAK HET DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE OP SUIDER-AFRIKA GEHAD?

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Watter TWEE Angolese groepe, volgens die bron, het teen mekaar by Cuito Cuanavale gestoei? (2 x 1) (2)

2.1.2 Haal die rede uit die bron aan wat tot die begin van die Slag van Cuito Cuanavale gelei het. (1 x 2) (2)

2.1.3 Waarom, volgens die bron, het die SAW Jonas Savimbi se UNITA tydens hierdie oorlog ondersteun? (2 x 1) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar op die stelling: *'die gevegslyne is volgens ideologiese oortuigings getrek.'* (1 x 2) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Wat, volgens die bron, het tot Suid-Afrika se besluit om Cuito Cuanavale te verlaat gelei? (2 x 1) (2)

2.2.2 Definieer die term o*nderhandelinge* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar oor hoekom Suid-Afrika huiwerig was om die onafhanklikheid van Namibië, in ruil vir Kuba se onttrekking uit Angola te beding. (2 x 2) (4)

2.2.4 Verduidelik die betekenis van die betrokkenheid van die Verenigde Nasies Organisasie by die ondertekening van die verdrae. (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die bron, was die aansporing vir Kuba in die Slag van Cuito Cuanavale? (1 x 2) (2)

2.3.2 Haal uit die bron die Departement van Militêre Veterane se belofte aan, met betrekking tot die slagoffers by Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.3.3 Lewer kommentaar op wat Nelson Mandela geïmpliseer het deur die stelling: "die Kubaanse mense hou 'n spesiale plek in die harte van die mense van Afrika". (2 x 2) (4)

2.3.4 Definieer die term *bevryding* in die konteks van die posisie van Namibië na die slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.3.5 Verduidelik die beperkinge van hierdie bron aan 'n historikus wat die impak van die Slag van Cuito Cuanavale navors. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto oorgedra word. (1 x 2) (2)

2.4.2 Lewer kommentaar oor die belangrikheid van die rol wat Kuba in die Slag van Cuito Cuanavale vir Suider-Afrika gespeel het. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2D en Bron 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D met betrekking tot die resultate van die Slag van Cuito Cuanavale ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ʼn paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik watter impak die Slag van Cuito Cuanavale op Suider-Afrika gehad het. (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou


Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: HOE HET DIE OPTOG OP WASHINGTON TOT DIE EINDE VAN DISKRIMINASIE EN SEGREGASIE IN AMERIKA IN DIE 1960's BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Noem DRIE toestande in Amerika wat tot die Optog op Washington gelei het. (3 x 1) (3)

3.1.2 Noem DRIE burgerregte-organisasies wat 'n veldtog vir die Optog op Washington beywer het. (3 x 1) (3)

3.1.3 Definieer die term *burgerregte* in die konteks van Amerika. (1 x 2) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar op wat King geïmpliseer het met die stelling: "Laat die swart arbeidende massas praat." (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die bron, was die doel van die Optog op Washington? (2 x 1) (2)

3.2.2 Definieer die term *diskriminasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.3 Wat word deur King se historiese, 'I have a dream (Ek het 'n droom)-toespraak' geïmpliseer? (1 x 2) (2)

3.2.4 Lewer kommentaar oor die belangrikheid van die Lincoln-gedenkteken in die stryd van die swart Amerikaners. (1 x 2) (2)

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat die Optog op Washington met die aanneming van die Burgerregtewet van 1964 gehelp het. (1 x 2) (2)

3.3.2 Wat, volgens die bron, was die vraag wat Amerika sedert 1955 of selfs 1954 gehad het? (1 x 2) (2)

3.3.3 Verduidelik hoe Martin Luther King se toespraak hierdie vraag beantwoord het. (1 x 2) (2)

3.3.4 Verduidelik die hooggeregshofbeslissing in die *Brown vs. Board* (*of Education*)-saak in 1954. (2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.4 Verwys na Bron 3D.

3.4.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto oorgedra word. (2 x 2) (4)

3.4.2 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van hierdie bron aan ŉ historikus wat die Optog op Washington navors. (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na Bron 3B en Bron 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3D met betrekking tot die Optog op Washington ondersteun. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Optog op Washington tot die einde van diskriminasie en segregasie in Amerika in die 1960's bygedra het. (8)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 100**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Verduidelik tot watter mate die Verenigde State van Amerika suksesvol was om die verspreiding van kommunisme in Viëtnam in die tydperk 1965 tot 1975 te bekamp. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA – UITDAGINGS WAT KONGO NA ONAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

Politieke en ekonomiese beleide wat deur Mobuto Sese Seko in die nuut onafhanklike Kongo ingestel is, het groei en voorspoed gebring.

Bespreek die bogenoemde stelling krities. Gebruik historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWINGSPROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Die Swartmagbeweging het in die 1960's daarin geslaag om swart trots, selfstandigheid en die verdediging van die Afro-Amerikaner se regte te vestig.

Stem jy saam? Gebruik relevante bewyse en voorbeelde om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2024

# GESKIEDENIS V1 ADDENDUM

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

**VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE MUUR DIE KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VERSTERK?**

**BRON 1A**

Die volgende bron fokus op die kommunikasie tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie voor die bou van die Berlynse Muur in 1961.

Op 10 November 1958 het die Sowjet-premier Nikita Khrushchev geëis dat die Verenigde State en sy bondgenote hul besettingsrolle in Berlyn moet prysgee. Hy het ook verklaar dat indien hulle nie binne ses maande ʼn ooreenkoms in dié verband onderteken nie, die Sowjetunie nie meer hul na-oorlogse ooreenkoms sal eerbiedig nie, en ʼn aparte verdrag met Oos-Duitsland sal sluit. VSA pres. Dwight D. Eisenhower het Khrushchev se eise geweier en daarop aangedring dat hul Berlynse ooreenkoms steeds geld.

Op 27 November het die Sowjetunie aangekondig dat hy die na-oorlogse ooreenkomste oor die besetting en bestuur van Duitsland en Wes-Berlyn verwerp het. Alhoewel Khrushchev nie aangedui het dat die Sowjetunie militêre mag sou gebruik as die Verenigde State nie daaraan voldoen nie, is dit algemeen verstaan dat die Sowjetunie van plan was om sy bedreiging te ondersteun.

Die Verenigde State en Brittanje het geweier om in te stem tot die Sowjet-eise, met die argument dat ʼn vrye Berlyn, met geen gewaarborgde toegang tot die Weste nie, binnekort deur kommunistiese Oos-Duitsland beheer sou word. Teen Julie 1961 het Amerikaanse amptenare beraam dat meer as 1,000 Oos-Duitse vlugtelinge elke dag Wes-Berlyn oorgesteek het, ʼn ekonomiese en demografiese dreinering wat, ongekontroleerd gelaat word, ʼn ramp vir die Ooste sou beteken.

[Uit https://www.britannica.com/event/Berlin-crisis-of-1961. Toegang op 6 Februarie 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## BRON 1B

Die bron hieronder bespreek die bou van die Berlynse Muur in Augustus 1961 en die resultate daarvan.

Op die oggend van 13 Augustus 1961 het Berlyners wakker geword en ontdek dat in opdrag van die Oos-Duitse leier Walter Ulbricht, ŉ doringdraadheining oornag opgegaan het wat Wes- en Oos-Berlyn skei en beweging tussen die twee kante verhoed het. Die doringdraadheining is gou uitgebrei om sementmure en wagtorings in te sluit. Die Berlynse Muur sou die Weste verhoed om verdere invloed op die Ooste te hê, die vloei van migrante uit die kommunistiese sektor stop, en uiteindelik die mees ikoniese beeld van die Koue Oorlog in Europa word. Die Verenigde State het vinnig die muur veroordeel, wat gesinne verdeel het en vryheid van beweging beperk het.

Kort nadat die muur opgerig is, het ŉ stryd (dooiepunt) tussen Amerikaanse en Sowjet-troepe weerskante van die diplomatieke kontrolepunt gelei tot een van die mees spanningsvolle oomblikke van die Koue Oorlog in Europa. ŉ Dispuut oor of Oos-Duitse of Sowjet-wagte gemagtig is om die kontrolepunte te patrolleer en die reisdokumente van Amerikaanse diplomate wat deurgaan, te ondersoek, het daartoe gelei dat die Verenigde State tenks aan sy kant van die kontrolepunt gestasioneer het, wat na die Oos-Duitse troepe net anderkant die muur gewys het. Kommer dat Amerikaanse magte óf sou probeer om die muur af te neem óf hul pad deur die kontrolepunt sou dwing, het daartoe gelei dat die Sowjetunie sy eie tenks aan die Oos-Duitse kant gestasioneer het.

ŉ Verkeerde skuif tydens die konfrontasie kon tot oorlog gelei het, en enige konvensionele skermutseling tussen twee kernmoondhede het altyd die risiko van eskalasie meegebring. In plaas daarvan het Kennedy van agterkanale gebruik gemaak om voor te stel dat Khrushchev sy tenks verwyder, en belowe dat as die Sowjetunie dit sou doen, die Amerikaanse Weermag sou wederkerig. Die stryd (dooiepunt) het vreedsaam geëindig.

[Uit https://history.state.gov/milestones/1953-1960/berlin-crises. Toegang op 6 Februarie 2024 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 1C**

Die artikel hieronder is geskryf deur Richard Wald, ŉ joernalis, en gepubliseer in die *New York Herald Tribune* op 24 Junie 1962. Dit beklemtoon pogings deur die Weste en die Sowjets om die spanning wat deur die Berlynse Muur veroorsaak is, te verlig.

Viermagsamesprekings tussen die plaaslike militêre bevelvoerders in Berlyn om spanning langs die muur wat die stad verdeel, te verlig, sal waarskynlik volgende week deur die Weste voorgestel word. Dean Rusk, Sekretaris van Buitelandse Sake, het in ŉ stampvol dag en ŉ half van vergaderings hier met kanselier, Konrad Adenauer en sy top adviseurs, blykbaar vandag Bonn se goedkeuring vir die voorstel ontvang.

Dit sou beliggaam (ingesluit) wees in Amerikaanse, Britse en Franse antwoorde op die Sowjet-nota van 7 Junie waarin Rusland gewaarsku het oor die 'gevaarlike provokasie' (uitlokking) betrokke by skietvoorvalle by die muur. Destyds het die Sowjetunie bedekte (vermomde) dreigemente om nie 'ŉ passiewe waarnemer' te bly nie. Aanwesig by sommige van vandag se vergaderings was Wes-Berlyn se burgemeester, Willy Brandt. Al die vergaderings het baie goed verloop, het beide kante berig.

Amerikaanse woordvoerder het beklemtoon dat beide kante saamgestem het dat reëlings vir toegang tot Wes-Berlyn gevind kan word wat vir beide die Weste en die Sowjets geskik sal wees. Dit beteken dat die Wes-Duitsers en die Amerikaners saamstem dat daar ŉ perfekte oplossing vir die Berlynse probleem kan bestaan nie, dat een in sig is nie, en dat kanselier Adenauer voortgesette Russies-Amerikaanse samesprekings goedkeur.

Berigte uit Berlyn dui daarop dat die Oos-Duitse mense se polisie ŉ Berlyner doodgeskiet het wat vanoggend naby een van die stad se kanale probeer ontsnap het. Dit is die 30ste moord by die muur sedert dit verlede Augustus opgerig is.

[Uit https://link.gale.com/apps/doc/DVGPRN575773425/GDCS?u=webdemo&sid=GDCS&xid=c8820b70. Toegang op 18 Februarie 2024 verkry.]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 1D**

Die foto hieronder deur Paul Schutzer het in die *LIFE* tydskrif op 8 September 1961 verskyn, wat 'n Oos-Duitse tiener wys wat suksesvol oor die Berlynse Muur na Wes-Berlyn ontsnap het.



[Uit https://www.life.com/history/berlin-wall-photos-early-days-cold-war-symbol/. Toegang op 28 Februarie 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: WATTER IMPAK HET DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE OP SUIDER-AFRIKA GEHAD?

### BRON 2A

Die bron hieronder bespreek die Slag van Cuito Cuanavale, geveg in Angola in 1987–1988 by die Slag van die Lomba-rivier.

Die slag, of meer korrek genoem die beleg, van Cuito Cuanavale is geveg op die oewer van die Lomba-rivier in die omgewing van Cuito Cuanavale, in suidoostelike Angola, tussen UNITA (bygestaan deur die SAW), en die Angolese weermag (FAPLA) bygestaan deur Kuba, die Sowjetunie en in ŉ mindere mate Oos-Duitsland. Die uitkomste was van uiters belang vir beide kante, en die geveg het die grootste konvensionele operasies van Suid-Afrikaanse magte sedert die Tweede Wêreldoorlog behels. Die gevegslyne is volgens ideologiese oortuigings bepaal. Die voorspel (aanloop) tot die geveg wat in Julie 1987 het begin het toe Angolese regeringsmagte (FAPLA) gepoog het om op Jonas Savimbi se UNITA-vesting by Mavinga aan te val, die strategiese sleutel tot sy basis by Jamba naby die Caprivi-strook. Aanvanklik het die offensief goed gevorder, met FAPLA wat die oorhand gekry het, hewige ongevalle op UNITA toegedien het, en hulle suidwaarts na Mavinga gedryf het.

Veertien Angolese en Kubaanse brigades onder ŉ Russiese bevelvoerder het op 14 Augustus 1987 ŉ grootskaalse aanval op UNITA begin. SAW-troepe is inderhaas ingeroep om UNITA te ondersteun. Dit was in die belang van die Suid-Afrikaanse regering dat UNITA nie voor die Kubane en FAPLA swig (oorgee) nie – hulle was van mening dat dit die vrede in Namibië sou ontwrig en Umkhonto we Sizwe (MK), die militêre vleuel van die ANC in staat sou stel om basisse in Angola te vestig, deur toegangsroetes na Suid-Afrika vanaf Zambië, Botswana en Zimbabwe te skep. In Oktober is FAPLA se optrekkende 47ste Brigade by Lomba-rivier alles behalwe vernietig in ŉ aanval deur die SAW wat haastig op pad na UNITA se redding was. Verskeie ander FAPLA-brigades het onder swaar bombardement verbrokkel (ineengestort) maar het daarin geslaag om terug te trek na Cuito, ŉ klein dorpie naby die samevloeiing van twee riviere wat sy naam uitmaak, geleë in die afgeleë uitgestrektheid (gebied) van Suidoos-Angola, ŉ streek wat die Portugese na verwys het as die land aan die einde van die aarde.

[Uit https://www.sahistory.org.za/article/battle-cuito-cuanavale-1988. Toegang op 28 Februarie 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2B**

Die bron hieronder verduidelik die gevolge van die Slag van Cuito Cuanavale.

Nietemin het die verbintenis van Kubaanse troepe die magsbalans in Suidelike Afrika radikaal verander. Die vooruitsig dat meer wit dienspligtiges deur ŉ goedgewapende Kubaanse teëstander (vyand) vermoor sal word, die koste van die oorlog en die impak wat dit op Suid-Afrika se ekonomie gehad het, het Suid-Afrika aangespoor om Cuito Cuanavale te verlaat.

In April 1988 het PW Botha se kabinet ingestem om regstreekse onderhandelinge met Angola en Kuba te begin onder bemiddeling van Chester Crocker (VSA Assistent Staatsekretaris vir Afrika-Sake). Soos die Sentrale Intelligensie-agentskap (CIA) tot die gevolgtrekking gekom het, 'het militêre oorwegings die swaarste geweeg in Pretoria se besluit om te onderhandel', en het uitgebrei dat 'vir die eerste keer in die moderne geskiedenis, sy leierskap ontsenu (beangs) was deur die vooruitsig van ŉ goed gewapende teëstander (vyand) in staat om Suid-Afrikaanse magte in konvensionele oorlogvoering ernstige ongevalle toe te bring (veroorsaak) … wat veroorsaak het dat president PW Botha en sy senior adviseurs teësinnig ŉ wapenstilstand (vrede) aanvaar het, en die idee om vir Namibiese onafhanklikheid te onderhandel in ruil vir die onttrekking van Kubaanse troepe'.

ŉ Vlaag (reeks) onderhandelinge het Crocker se koppelings(verbindings)-plan nou geleidelik nader aan die werklikheid gebring. Alhoewel dit twaalf rondes van samesprekings sou neem, is op 22 Desember 1988 twee verdrae by die Verenigde Nasies Organisasie onderteken, een tussen Angola en Kuba wat die onttrekking van Kubaanse troepe reël, die ander tussen Angola, Kuba en Suid-Afrika wat tot Namibiese onafhanklikheid ingestem het. Crocker se lang geveg was verby; sy doelwit om ŉ streekvredesooreenkoms te bemiddel (onderhandel) is uiteindelik verwesenlik.

[Uit *Journal of Southern African Studies, Volume 35, Number 1: Chester Crocker and the South African Border War, 1981–1989. A Reappraisal of Linkage* by Z Kagan-Guthrie]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2C**

Die uittreksel hieronder is van die herdenking van die Slag van Cuito deur militêre veterane op 25 Maart 2022. Dit fokus op die resultate van die Slag van Cuito Cuanavale.

Die geveg was die grootste militêre konfrontasie op Afrika-grond sedert die Tweede Wêreldoorlog … Dit was die begin van die einde van wit minderheidsoorheersing in Suider-Afrika, die aftakeling van die apartheidstelsel en die totale bevryding van Afrika van Europese besetting.

Die stryd teen apartheidsmagte in Angola in 1988 word beskou as die oomblik wat die bevryding van Namibië, Suid-Afrika en die SAOG-streek bespoedig het. Dit het tot die beweging van magtige Kubaanse gewapende mag, na die weste, na die Namibiese grens gelei. Die gevegte in die suidwestelike deel van Angola het tot die onttrekking van die Suid-Afrikaanse, ANC en Kubaanse teenwoordigheid in Angola, en tot die onafhanklikheid van Namibië gelei. Daar was geen wesenlike gewin vir die Kubane wat tot ons steun gekom het nie, maar hul oorheersende aansporing (motivering) was om te veg vir die bevryding van Suider-Afrika van koloniale en reaksionêre (konserwatiewe) magte. Die slag van Cuito Cuanavale was waarna Oliver Tambo verwys het, as die Waterloo (ineenstorting) van rassistiese Suid-Afrika en die gevegte het deure vir 'n demokratiese bedeling in Suid-Afrika oopgemaak.

Die beslissende nederlaag van die rassistiese weermag in Cuito Cuanavale was 'n oorwinning vir die hele Afrika. Hierdie oorwinning in Cuito Cuanavale is wat dit vir Angola moontlik gemaak het om vrede te geniet en sy eie soewereiniteit (onafhanklikheid) te vestig. Die nederlaag van die rassistiese weermag het dit vir die mense van Namibië moontlik gemaak om hul onafhanklikheid te bereik. Die Departement van Militêre Veterane sal voortgaan om gevalle en lewende helde van die stryd teen bevryding te vereer en te herdenk (onthou).

[Uit https://www.dmv.gov.za/newsroom/advsories/2022/25032022htm Toegang op 28 Februarie 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 2D**

Die foto hieronder toon die Kubaanse lugafweerbemanning wat die oorwinning oor Suid-Afrikaanse magte vier tydens die Slag van Cuito Cuanavale in Angola, 1988.



[Uit https://images.app.goo.gl/yHnWVQWevoB9Qu2x9]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: HOE HET DIE OPTOG OP WASHINGTON TOT DIE EINDE VAN DISKRIMINASIE EN SEGREGASIE IN AMERIKA IN DIE 1960's BYGEDRA?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder verduidelik die omstandighede waaronder Afro-Amerikaners geleef het wat tot die Optog op Washington op 28 Augustus 1963 gelei het.

Teen 1963, die eeufees (100ste herdenking) van die Emansipasie-proklamasie, was die meeste van die doelwitte van hierdie vroeëre betogings steeds nie verwesenlik nie. Hoë vlakke van swart werkloosheid, werk wat die meeste Afro-Amerikaners slegs minimale lone en swak werkmobiliteit gebied het, sistematiese ontneming van stemreg (ontmagtiging) van baie Afro-Amerikaners, en die volharding van rassesegregasie in die Suide het gesprekke oor 'n grootskaalse optog vir politieke en ekonomiese geregtigheid so vroeg as 1962.

Namens die Negro American Labour Council (NALC), die Southern Christian Leadership Conference, die Congress of Racial Equality (CORE), en die Student Nonviolent Coordinating Committee (SNCC), het Randolph 'n brief op 24 Mei 1962 aan Sekretaris Stewart Udall van die Departement van Binnelandse sake rakende permitte vir 'n optog wat 'n hoogtepunt bereik (beëindig) by die Lincoln-gedenkteken. Planne vir die optog is gestuit toe Udall die groepe aangemoedig het om die Sylvan-teater by die Washington-monument te oorweeg weens die komplikasies van die herleiding van verkeer en die hoeveelheid toeriste by die Lincoln-gedenkteken …

In Mei, op die hoogtepunt van die Birmingham-veldtog, het King by Randolph, James Farmer van CORE en Charles McDew van SNCC aangesluit om later daardie jaar so 'n aksie te vra, en verklaar: "Laat die swart arbeidende massas praat!" (King et al., 7 Mei 1963). Nadat president Kennedy van hul voorneme in kennis gestel is, het die leiers van die groot burgerregte-organisasies die optogdatum vir 28 Augustus vasgestel. Die verklaarde doelwitte van die betoging het, "'n omvattende wetsontwerp op burgerregte" ingesluit wat weg sal doen met gesegregeerde openbare akkommodasie; "beskerming van die stemreg"; meganismes om regstelling te soek vir skendings van grondwetlike regte; "desegregasie van alle openbare skole in 1963"; 'n massiewe federale werkeprogram "om werklose werkers op te lei en te plaas"; en "'n Federale Wet op Billike Indiensnemingspraktyke wat diskriminasie in alle indiensneming verbied."

[Uit https://kinginstitute.stanford.edu/march-washington-jobs-andfreedom#:~:text=High%20levels%20of%20black%20unemployment,and%20economic%20justice%20as%2early Toegang op 28 Februarie 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 3B**

Die bron hieronder verduidelik die ontvouing van die Optog op Washington op 28 Augustus 1963.

Optog op Washington, was ʼn politieke betoging wat op 28 Augustus 1963 in Washington, DC gehou is, wat deur ʼn geskatte 250 000 mense bygewoon is om rassediskriminasie te protesteer en om steun te toon vir belangrike burgerregtewetgewing wat in die Kongres hangende was. Die optog na Washington was die resultaat van samewerking tussen die "Groot Ses" van die burgerregtebeweging: James Farmer, Martin Luther King, Jr., John Lewis, A. Philip Randolph, Roy Wilkins en Whitney Young, almal leiers van burgerlike regte groepe. Die aktivis Bayard Rustin was die hooforganiseerder daarvan. Die geleentheid het honderde duisende mense bymekaargebring wat vreedsaam op die National Mall, in die skadu van die Lincoln-gedenkteken, bymekaargekom het om gelyke geregtigheid vir alle burgers onder die wet te eis.

Die geleentheid het musikale optredes deur Marian Anderson, Mahalia Jackson, Joan Baez en Bob Dylan ingesluit, en dit bevat opmerkings deur talle sprekers, sommige deel van die amptelike program en ander nie, insluitend Lewis, Wilkins, Young, Daisy Bates, Walter Reuther, en onder andere Josephine Baker. ʼn Huldeblyk het ook Bates, Rosa Parks, Myrlie Evers, Diane Nash en ander swart vroue wat by die burgerregtebeweging betrokke was, vereer.

King was die geleentheid se laaste amptelike spreker. Die skare is opgehef deur die emosionele krag en profetiese kwaliteit van sy toespraak, wat bekend gestaan het as die, "I Have a Dream" (Ek het ʼn droom)-toespraak. King het sy geloof beklemtoon dat, soos hy dit gestel het, "eendag sal hierdie nasie opstaan en die ware betekenis van sy geloofsbelydenis (oortuigings) uitleef: 'Ons beskou hierdie waarhede as vanselfsprekend, dat alle mense gelyk geskape is.' Hy het ook sy hoop uitgespreek dat sy kinders in ʼn nasie sal woon waar hulle, "nie volgens die kleur van hul vel beoordeel sal word nie, maar deur die inhoud van hul karakter."

[Uit https://www.britannica.com/event/March-on-Washington Toegang op 28 Februarie 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

**BRON 3C**

Die bron hieronder bevat uittreksels van onderhoude wat Michael A. Fletcher gevoer het oor die deelnemers van die 1963-Optog op Washington. Die onderhoude is tydens die 60ste herdenking van die optog gevoer.

**Holmes Norton:** Optogte streef na effekte, maar hulle sien gewoonlik nie dadelik daardie effekte nie. Alhoewel die optog nie die oorsaak van die wetgewing was nie, is dit moeilik om te glo dat die 1964 Burgerregtewet daarsonder sou plaasgevind het. Dit het gehelp om die Kennedy-administrasie van twyfel en weerstand teen die optog te beweeg. Onthou president Kennedy was afhanklik van nie net Suidelike state se stemme nie, maar Suiderlinge (burgers van die Suidelike State) was die voorsitter van feitlik al die komitees in die Huis en die Senaat. ŉ Mens moet verstaan presies hoe verouderd die Kongres was en die nasie was. Dit was ŉ nasie waar daar geen federale wette was wat gesê het dat enigiemand wat ŉ werk kon doen, geregtig is om die werk te doen nie.

**Cox**: Dit was die oomblik dat Amerika die vraag beantwoord het dat dit sedert 1955 of selfs 1954 in *Brown v. Board [of Education]* gevra word: Wat wil hierdie Negers hê? Ek dink dat King se toespraak daardie vraag beantwoord het deur te sê: "Ek het ŉ droom wat diep in die Amerikaanse droom gewortel is." King het gesê wat ons wil doen, is om die belofte van die Onafhanklikheidsverklaring en die Grondwet na te kom.

[Uit https://www.smithsonianmag.com/history/oral-history-march-washington-180953863/. Toegang op 06 Maart 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## BRON 3D

Die foto hieronder wys hoe Martin Luther King Jr. die skare tydens die Optog op Washington in Augustus 1963 toespreek.




[Uit https://www.life.com/history/the-march-on-washington-power-to-the-people/ Toegang op 28 Februarie 2024 verkry.]



Hosted by www.ecexams.co.za.

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

https://www.britannica.com/event/Berlin-crisis-of-1961

https://history.state.gov/milestones/1953-1960/berlin-crises

https://link.gale.com/apps/doc/DVGPRN575773425/GDCS?u=webdemo&sid=GDCS&xid=c8820b70

https://www.life.com/history/berlin-wall-photos-early-days-cold-war-symbol/

https://www.sahistory.org.za/article/battle-cuito-cuanavale-1988

https://www.twn.my/title2/resurgence/2013/278/cover03.htm

http://www.dmv.gov.za/newsroom/advisories/2022/25032022.htm#:~:text=It%20led%20to%20the%20movement,to%20the%20Independence%20of%20Namibia

https://images.app.goo.gl/yHnWVQWevoB9Qu2x9

https://kinginstitute.stanford.edu/march-washington-jobs-andfreedom#:~:text=High%20levels%20of%20black%20unemployment,and%20economic%20justice%20as%2early

https://www.britannica.com/event/March-on-Washington

http://kinginstitute.stanford.edu>march-washington-jo

https://www.life.com/history/the-march-on-washington-power-to-the-people

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2024

# GESKIEDENIS V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

More Recourses

Testpapers.co.za
Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za
Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| COGNITIVE LEVELS | KOGNITIEWE VLAKKE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| LEVEL 1 | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/ terme. | 30% (15) |
| LEVEL 2 | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | 40% (20) |
| LEVEL 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne on bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beprekings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronen en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | 30% (15) |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen word.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die opp brongebaseerde vrae moet kandidates krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerders verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerkie (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een ree en twee punte toegeken word. (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui.



Hosted by www.ecexams.co.za.

**Paragraafvraag**

Paragrawe word global (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in bereking gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word waaneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik om die vraag te beantwoord.
- Lees weer die paragraaf om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies **(√)** wat aan die teogeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . _______________
_______________ . ________________________ . __________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse on 'n basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad/agterblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat candidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samhangande wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaar voeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Candidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vavir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet candidate krediet kry vir *enige ander relvante antwoorde.*

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

2.3 **Globale assessering van die opstel.**

Die opstel skryfwerk sal holistiese (global) geassesseer word. Hierde benadering veries dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te beid deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die verwag word om slegs "feite" neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'modelantwoorde' voor te berei en weergee sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerder met holistiese assessering nie vir onteoreikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie / daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die synopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ("bullet") in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduidelikng:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.4.4 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van ŉ opstel:

- Inleding, hoodaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie. ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling | | |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA ↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van die opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbiedeing in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| I | VLAK 4 | |
|---|---|---|
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| I | VLAK 4 | }26–27 |
|---|---|---|
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Sommige weglating in die inhoudsdekking.
Poog om ŉ argument te handhaaf.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5<br>Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4<br>Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3<br>Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1*<br>Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***VLAK 7***<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| ***VLAK 6***<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| ***VLAK 5***<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| ***VLAK 4***<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| ***VLAK 3***<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| ***VLAK 2***<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| ***VLAK 1****<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir VLAK 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; min poging om die opstel te struktureer = 7–13

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE MUUR TOT KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJET-UNIE VERSTERK?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Het geëis dat die Verenigde State en sy Geallieerdes hul besettingsrolle in Berlyn moet prysgee.
- Verklaar dat indien hulle nie binne ses maande 'n ooreenkoms in hierdie verband onderteken nie, die Sowjetunie nie meer hul na-oorlogse ooreenkomste sal nakom nie. (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Eisenhower het Khrushchev se eise geweier en daarop aangedring dat hul Berlynse ooreenkoms steeds geld. (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Duitsland was in vier sones van besetting verdeel.
- Viermagbeheer van Duitsland deur USSR, VSA, Frankryk en Brittanje.
- Berlyn was ook onder viermagbeheer.
- Wes-Berlyn was ook onder beheer van die Geallieerdes
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Berlyn sou binnekort deur kommunistiese Oos-Duitsland beheer word.
- USSR sou die Geallieerdes verhoed om vrye toegang tot Wes-Berlyn te hê.
- USSR sou kommunisme na die hele Berlyn versprei.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Oos-Berlyn sou sonder vaardige mense gelaat word.
- Die ekonomie van Oos-Berlyn sou negatief geaffekteer word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Oos-Duitse leier, Walter Ulbricht. (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Definisie van historiese term uit Bron 1B – V1]*
- Ideologiese mededinging (kompetisie) tussen USSR met kommunisme en VSA met kapitalisme.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Voorkom dat Weste verdere invloed op die Ooste het.
- Sou die vloei van migrante uit die kommunistiese sektor stop.
- Sou uiteindelik die mees ikoniese beelde van die Koue Oorlog in Europa word. (3 x 1) (3)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- VSA
- Sowjet (2 x 1) (2)

1.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- VSA en Sowjet-troepe kon mekaar aanval.
- Daar was die moontlikheid van ŉ kernoorlog.
- Die vernietiging van die kernoorlog sou baie onskuldige mense raak.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Om spanning langs die muur wat die stad verdeel, te verlig. (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Sowjetunie sal Oos-Duitse soldate wat die Berlynse muur bewaak, bystaan.
- Enige optrede teen Oos-Duitsland sou as ŉ uitdaging teen die Sowjetunie beskou word.
- Sowjetunie sal ook geweld gebruik om hul sektor van Berlyn te beskerm.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.3.3 *[Verduideliking van ŉ historiese term uit Bron 1C – V2]*
- Onderhandelinge tussen Brittanje, Frankryk, die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie om die Berlynse krisis op te los.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

1.3.4 [*Bepaal die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1C – V3*]
**Die bron is bruikbaar omdat:**
- Die artikel is in 1962 in die *New York Herald Tribune* gepubliseer.
- Die bron bevestig die viermagsamesprekings wat in Berlyn gehou was.
- Die bron berig oor die ooreenkomste wat tydens die vergaderings tussen die VSA en die Sowjets gemaak is.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Daar was werksgeleenthede in Wes-Berlyn.
- Wes-Berlyn het met beter lewenstandaarde gefloreer.
- Hulle wou nie onder kommunisme wees nie.
- Hulle wou die vryheid hê wat in Wes-Berlyn aangebied word onder demokrasie en kapitalisme.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Die Wes-Berlynse polisie was gereed om die tiener te help toe hulle vir hom gewaai het om oor te kom.
- Die polisie het die tiener in Wes-Berlyn verwelkom.
- Die houding van die polisie het enigiemand wat na Wes-Berlyn wou ontsnap, aangemoedig om dit te doen.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.5 *[Vergelyking van bronne 1B en 1C – V3]*

- Beide bronne dui aan dat die Berlynse Muur spanning tussen die VSA en USSR in Berlyn veroorsaak het.
- Beide bronne dui aan dat Oos-Berlyners geskiet is toe hulle die Berlynse Muur na Wes-Berlyn probeer oorsteek het.
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

- By die Jalta konferensie is Duitsland in 4 besettingsones verdeel.
- Berlyn was ook beheer deur die VSA, Brittanje, Frankryk en die Sowjetunie.
- Berlyn was binne die Sowjet-sone geleë en die Sowjette het geregtig gevoel op die beheer van die hele Berlyn.
- In November 1958 het die Sowjet Premier, Nikita Khrushchev, geëis dat die Geallieerdes die beheer van Berlyn aan die Sowjetunie moet oorgee. (Bron 1A)
- Die VSA president, Dwight Eisenhower het Khrushchev se eise geweier en daarop aangedring dat Berlyn steeds onder viermagbeheer sal wees. (Bron 1A)
- Spanning het tussen die VSA en die Sowjetunie toegeneem namate Brittanje die Sowjet-eise geweier het. (Bron 1A)
- Op 13 Augustus 1961, het Berlyners ontdek dat die Berlynse muur gebou is, wat Oos-Berlyn van die Weste skei. (Bron 1B)
- VSA het die muur veroordeel wat gesinne verdeel het en die vryheid van beweging van die mense van Berlyn beperk het. (Bron 1B)
- Kort na die bou van die Berlynse muur, het ŉ dooiepunt tussen VS en Sowjet-troepe ontstaan en dit het byna tot ŉ oorlog gelei. (Bron 1B)
- ŉ Dispuut het ontstaan oor óf die Oos-Duitse óf Sowjet-wagte gemagtig is om die kontrolepunte te patrolleer. (Bron 1B)
- Dit het daartoe gelei dat die Verenigde State besluit het om tenks aan sy kant van die kontrolpunt te plaas. (Bron 1B)
- Om die spanning te verlig, het viermagsamesprekings tussen die plaaslike militêre bevelvoerders in Berlyn plaasgevind. (Bron 1C)
- As gevolg van die bestaande spanning, het Rusland teen die gevaarlike uitlokking betrokke by skietvoorvalle by die muur gewaarsku. (Bron 1C)
- Die Sowjets het ook verbloemde dreigemente gemaak om nie ŉ "passiewe waarnemer" te bly nie. (Bron 1C)
- Alhoewel mense geweet het dat hulle doodgemaak sou word, het hulle nietemin hul lewens gewaag en die muur oorgesteek. (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord. (8)



Hosted by www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n baie elementêre wyse bv. toon min of geen begrip van **hoe die Berlynse Muur die Koue Oorlog spanning tusen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie versterk het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ’n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. toon ’n bietjie begrip **van hoe die Berlynse Muur die Koue Oorlog spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie versterk het**.<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. toon ’n deeglike begrip **van hoe die Berlynse Muur die Koue Oorlog spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie versterk het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)

**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 2: WATTER IMPAK HET DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE OP SUIDER-AFRIKA GEHAD?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- UNITA
- FAPLA (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Angolese regeringsmagte (FAPLA) het gepoog om te vorder op Jonas Savimbi se Unita-vesting by Mavinga. (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron* 2A – V1*]*
- Dit was in die belang van die Suid-Afrikaanse regering dat UNITA nie voor die Kubane en FAPLA swig nie.
- Hulle was van die mening dat dit die vrede in Namibië sou ontwrig en Umkhonto we Sizwe (MK)-basisse in staat sou stel om vanuit Angola te werk. (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Die konflik was nou op kapitalisme en kommunisme gebaseer.
- Die magte het mekaar op grond van hul ideologiese oortuiging ondersteun.
- Suid-Afrika het die kapitalistiese-belynde UNITA ondersteun en Kuba het die kommunisties-belynde FAPLA ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Die vooruitsig dat meer wit dienspligtiges deur ŉ goedgewapende Kubaanse teenstander vermoor sal word.
- Die koste van die oorlog en die impak wat dit op Suid-Afrika se ekonomie gehad het. (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Definisie van ŉ historiese konsep uit Bron 2B – V1]*
- Besprekings/gesprekke wat deur verskillende groepe gehou word om ŉ ooreenkoms oor ŉ sekere kwessie te bereik.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Suid-Afrika kon beheer oor Namibië verloor.
- Kommunisties-belynde Swapo sal beheer oor Namibië neem.
- Swapo was vriendelik teenoor Suid-Afrika se vyand, die ANC.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die Verenigde Nasies Organisasie het ŉ verantwoordelikheid gehad om vrede in Angola te bewerkstellig.
- Kuba, Angola en Suid-Afrika was lede van die VN.
- VN het ŉ sleutelrol in die bemiddelingsproses gespeel.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron* 2C – V1*]*

- Hulle oorheersende aansporing was om te veg vir die bevryding van Suider-Afrika van koloniale en reaksionêre magte. (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron* 2C – V1*]*

- Sal voortgaan om gevalle en lewende helde van die stryd teen bevryding te eer en te onthou. (1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Nelson Mandela het voorgestel dat Kuba se rol in Afrika nooit vergeet kan word nie.
- Mandela het bedoel dat Suid-Afrika en Afrika as ŉ geheel dankbaar vir Kuba se bydrae is.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.3.4 *[Verduideliking van ŉ historiese term uit Bron 3C – V2]*

- Namibië is nie meer deur Suid-Afrika regeer nie, maar kon hulself regeer.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.3.5 *[Bepaal beperkings van Bron 3C – V3]*

**Die bron is beperk omdat:**

- Die bron is bevooroordeeld teenoor Suid-Afrikaanse troepe in Angola.
- Dit toon slegs die perspektief van die anti-apartheid magte.
- Die gebruik van propaganda is duidelik in die bron.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die Kubaanse soldate vier hul oorwinning tydens die Slag van Cuito Cuanavale.
- Die Kubaanse soldate het swaar artillerie tydens die Slag van Cuito Cuanavale gebruik.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die Kubaanse betrokkenheid het tot die onafhanklikheid van Namibië gelei.
- Suid-Afrika het begin met onderhandelinge vir ŉ demokratiese regering.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van Bronne 2C en 2D – V3]*

- Beide bronne dui aan dat Suid-Afrikaanse troepe tydens die geveg deur die Kubane verslaan is.
- Beide bronne dui aan dat die stryd daartoe gelei het dat Namibië sy onafhanklikheid gekry het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

- ʼn Burgeroorlog het tussen Angola se Drie bevrydingsbewegings begin.
- Buitelandse lande het tot die oorlog toegetree en die verskillende groepe ondersteun.
- Die Slag van Cuito Cuanavale was ʼn groot geveg wat op die oewer van die Lomba-rivier in die omgewing van Cuito Cuanavale geveg is. (Bron 2A)
- Die stryd is gevoer as gevolg van ideologiese oortuigings. (Bron 2A)
- Dit was die begin van die einde van wit minderheidsheerskappy in Suider-Afrika. (Bron 2A)
- Suid-Afrikaanse troepe is in die slag van Cuito Cuanavale deur Kubane verslaan. (Bron 2B)
- Suid-Afrika het ingestem om Namibiese onafhanklikheid te onderhandel in ruil vir Kubaanse onttrekking uit Angola. (Bron 2B)
- Die Slag van Cuito het die bevryding van Namibië, Suid-Afrika en die SAOG-streek bespoedig. (Bron 2C)
- Nelson Mandela het die Kubane geloof vir hul rol in die bevryding van Suid-Afrika en Afrika as geheel. (Bron 2C)
- Mandela het gesê dat hul rol nooit vergeet sal word nie aangesien hul name gelys is. (Bron 2C)
- Die Kubane het bygedra om Suider-Afrika te help om vryheid te verkry vir geen voordeel anders as hul oorheersende aansporing van internasionalistiese solidariteit nie. (Bron 2C)
- Oliver Tambo het na die stryd verwys as die Waterloo van rassistiese Suid-Afrika. (Bron 2C)
- Die Kubaanse-magte het feesgevier nadat hulle bygedra het om Suider-Afrika te bevry. (Bron 2D).
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, byvoorbeeld, toon min of geen begrip van die **impak wat die Slag van Cuito Cuanavale op Suider-Afrika gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ʼn groot mate verband met die onderwerp, byvoorbeeld toon begrip van die **impak wat die Slag van Cuito Cuanavale op Suider-Afrika gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op ʼn basiese manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse byvoorbeeld **demonstreer deeglike begrip van die impak wat die Slag van Cuito Cuanavale op Suider-Afrika gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf en toon begrip oor die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: HOE HET DIE OPTOG OP WASHINGTON TOT DIE EINDE VAN DISKRIMINASIE EN SEGREGASIE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) IN DIE 1960's BYGEDRA?**

3.1 3.1.1 *[*Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1*]*
- Hoë vlakke van werkloosheid.
- Werk wat die meeste Afro-Amerikaners slegs minimale lone gebied het.
- Swak werksmobiliteit.
- Sistematiese ontneming van stemreg van baie Afro-Amerikaners.
- Volharding van rassesegregasie in die Suide. (Enige 3 x 1) (3)

3.1.2 *[*Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1*]*
- The Congress of Racial Equality / CORE
- Negro American Labor Council / NALC
- Student Non-violent Coordinating Committee / SNCC
- Southern Christian Leadership Conference / SCLC (Enige 3 x 1) (3)

3.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron* 3A – V2*]*
- Burgerregte verwys na die basiese menseregte wat deur alle Amerikaanse burgers geniet behoort te word, maar dit is slegs aan blanke Amerikaners gegee.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- King het gese dat Afro-Amerikaners in die meerderheid was en tog het hulle geen regte in Amerika nie.
- King het die optog 'n kans gegee en gesê dat Afro-Amerikaners die leiding moet neem om hulself te bevry.
- Afro-Amerikaners moet nie hande vou nie en kyk na hulle eie diskriminasie en segregasie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1*]
- Om teen rassediskriminasie te protesteer.
- Om steun te toon vir groot burgerregtewetgewing wat in die Kongres hangende was.
- Om gelyke geregtigheid vir alle burgers onder die wet te eis.

(2 x 1) (2)

3.2.2 *[Definisie van historiese konsepte uit Bron 3B – V1]*
- Onregverdige behandeling van verskillende kategorieë mense op grond van ras, etnisiteit ens.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- King het geïmpliseer dat diskriminasie en segregasie eendag in Amerika geskiedenis sal wees.
- King het geïmpliseer dat die mense van Amerika gelyke regte sal geniet.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Abraham Lincoln was die president wat die Emansipasie proklamasie in 1863 onderteken het.
- Swartes staan 100 jaar na die Emansipasie proklamasie in die Lincoln-gedenkteken en hulle het steeds geen gelyke regte nie.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Dit is moeilik om te glo dat die 1964 Burgerregtewet daarsonder sou plaasgevind het. (1 x 2) (2)

3.3.2 *[*Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1*]*
- Wat wil die Negers hê? (1 x 2) (2)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Die toespraak verduidelik dat King en die ander Negers ŉ einde aan diskriminasie wou hê
- Negers wou gelyke regte met die wit Amerikaners hê.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (4)

3.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Segregasie in skole is as onwettig verklaar.
- Die leerstelling van apart maar gelyk was nie aanvaarbaar nie.
- Die skole sou onmiddellik gedesegregeer word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Duisende mense het die Optog op Washington bygewoon.
- Martin Luther King Jr. het sy bekende toespraak tydens die optog na Washington gemaak.
- Baie mense het die eise van die Burgerregtebeweging ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.4.2 *[Bepaal die betroubaarheid van Bron 3D – V3]*
**Die bron is betroubaar omdat:**
- Dit ŉ primêre bron is, ŉ foto wat tydens die optog geneem was.
- Die toespraak wat King gemaak het, het beroemd geword.
- Dit kan deur ander bronne bevestig word.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van Bron 3B en 3D – V3]*
- Bron 3B meld dat die optog deur ŉ geskatte 250 000 mense bygewoon is, Bron 3D is ŉ foto van baie mense in die optog.
- Bron 3B meld dat Martin Luther King sy "Ek het ŉ droom toespraak" tydens die optog, Bron 3D wys hoe King die toespraak lewer.
- Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)


Hosted by www.ecexams.co.za.

3.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

- Teen 1963, is dit waarvoor die vroeëre betogings geveg het, nie verwesenlik nie, soos hoë vlakke van werkloosheid, swak werksmobiliteit en sistematiese ontneming van stemreg. (Bron 3A)
- Verskeie bewegings soos NALC, CORE, SCLC en SNCC het ŉ brief geskryf waarin hulle permitte vir die beplande Optog op Washington op 28 Augustus 1963 versoek het. (Bron 3A)
- Die gestelde doelwitte van die protes het "ŉ omvattende wetsontwerp op burgerregte" wat met segregasie sou wegdoen ingesluit. (Bron 3A)
- Die Optog op Washington op 28 Augustus 1963 is deur meer as 200 000 betogers bygewoon. (Bron 3B)
- Die geleentheid het musikale optredes deur Joan Baez, Bob Dylan ingesluit, en daar was ook aanbiedings deur talle sprekers. (Bron 3B)
- ŉ Huldeblyk is gebring aan Bates, Rosa Parks, Myrlie Evers, Diane Nash en ander swart vroue in die Burgerregtebewegings. (Bron 3B)
- Martin Luther King Jnr. het in sy toespraak sy onwrikbare hoop uitgespreek dat "sy vier kindertjies eendag in ŉ land waar hulle nie deur die kleur van hul vel beoordeel sal word nie sal woon …". (Bron 3B)
- Tydens die 60ste herdenking van die optog het onderhoudvoerders die dag van die optog onthou. (Bron 3C)
- Die Optog op Washington het tot die aanvaarding van die Burgerregtewet van 1964 bygedra. (Bron 3C)
- Die toespraak wat King gemaak het, het verduidelik wat die Negers wou hê. (Bron 3C)
- Die Optog op Washington was ŉ sukses, en dit word gewys op die foto waarin King die skare toegespreek het. (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **LEVEL 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van hoe die Optog op Washington het tot die einde van diskriminasie en segregasie in die VSA in die 1960's bygedra.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor die onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **LEVEL 2** | • Bewyse meestal relevant en hou groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip van hoe Optog op Washington bygedra het tot die einde van diskriminasie en segregasie in die VSA in die 1960's**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier. | **PUNTE 3–5** |
| **LEVEL 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer deeglike begrip van hoe Optog op Washington bygedra het tot die einde van diskriminasie en segregasie in die VSA in die 1960's**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die Verenigde State van Amerika suksesvol was om die verspreiding van kommunisme in Viëtnam in die tydperk 1965 tot 1975 te bekamp. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding Kandidate moet 'n standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate die Verenigde State van Amerika suksesvol was om die verspreiding van kommunisme in Viëtnam in die tydperk 1965 tot 1975 te bekamp. Hulle moet 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING**

Redes waarom die Verenigde State by die Viëtnam-oorlog betrokke geraak het (bevat die verspreiding van kommunisme, vrees vir die 'Domino-effek', verspreiding van kapitalisme)

- Die VSA het Diem se korrupte kapitalistiese regime in Suid-Viëtnam ondersteun.
- Golf van Tonkin resolusie (eskalasie).
- Mislukking van 'Operation Rolling Thunder' (bommissie vanaf Maart 1965 was om die Noord-Viëtnamese ekonomie te vernietig om te keer dat hulle die Suide help; om die National Liberation Front te vernietig).
- Guerrilla-oorlogvoering deur die Vietminh/Vietkong het die moraal van die VSA verwar en ondermyn.
- Ho Chi Minh-roete en die betekenis daarvan.
- Mislukking van 'Operation Ranch Hand' (Konvensionele taktiek wat deur die VSA se weermag gebruik is was nie effektief as gevolg van digte plantegroei nie) gedwing om napalm, agent oranje (Agent Orange) te gebruik – het die omgewing vernietig, maar nie die Ho Chi Minh-roete nie.
- Tet Offensief.
- Anti-oorlog protesbeweging in die VSA en internasionaal.
- Die rol van die media om die impak van oorlog op die Viëtnamese mense en op Amerikaanse soldate te wys.
- WHAM (Wining the hearts and minds of the Vietnamese) het eerstens die implementering van die onttrekkingsproses van Amerikaanse troepe uit Viëtnam beteken.
- Soek en vernietig (My Lai-dorpsslagting).
- Rol van Nixon – Viëtnamisering (mislukking van die weermag van die Suid-Viëtnam om doeltreffend te veg).
- Bombardering van Noord-Viëtnam (Laos en Kambodja word kommunisties).
- Onderhandelinge vir vrede tussen VSA en Viëtnam.
- Saigon (Suid-Viëtnam) het in 1975 aan kommunistiese Noord-Viëtnam geval.
- Enige ander relevante antwoord.

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argumente met 'n relevante slot saamvat **[50]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE-KONGO

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]*

### SINOPSIS

Kandidate moet krities bespreek of die politieke en ekonomiese beleid wat deur Mobuto Sese Seko in die nuwe onafhanklike Kongo ingestel is, groei en welvaart meegebring het. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

### HOOF ASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur krities te bespreek of Mobuto Sese Seko se politieke en ekonomiese beleid wat in die nuut onafhanklike Kongo ingestel is, groei en voorspoed gebring het. Hulle moet aandui hoe hulle van plan is om hul argument te ondersteun.

### UITBREIDING

**Politieke beleid**

- Koloniale erfenisse: (as agtergrond inligting)
- Paternalisme – Kongolese is soos kinders behandel – met geen verantwoordelikheid in administrasie of verteenwoordiging van die regering nie.
- België het nie vir die behoorlike oorgang van 'n nuwe leierskapsoorname voorberei nie.
- Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklik geword met Joseph Kasavubu as president en Patrice Lumumba as Eerste Minister.
- Kasavubu het verkies dat die Kongo 'n federale staat is, terwyl Lumumba vir 'n sterk gesentraliseerde, nasionale regering was.
- Lumumba ook in konflik met Moise Tshombe.
- Die nuut onafhanklike Kongo het met baie politieke onstabiliteit begin, bv. Tshombe het op afskeiding van Katanga vir sy eie onafhanklikheid gefokus – 'n teken vir die behoefte aan sterk politieke beleid.
- Mobuto het die mag van Kasavubu oorgeneem deur 'n staatsgreep in 1965 (ambisieus)
- Hy het outoritarisme toegepas om politieke stabiliteit te bewerkstellig.
- In 1967 het Mobutu daarin geslaag om die Katanga-rebellie te stuit.
- Mobuto het sy land 'n nuwe grondwet gegee as 'n eenpartystaat onder sy party, die Popular Movement for the Revolution (MPR).
- Die Kongo het binne die eerste vyf jaar na onafhanklikheid 'n eenpartystaat geword met alle opposisie onderdruk (outoritêr).
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus (Mobutoism) (swak leierskap) ontwikkel – selfgesentreerde leierskap.
- Mobutoïsme het die Kongo 'n outokratiese staat onder homself gemaak as 'n militêre diktator (swak leierskap).
- Hy is deur die VSA ondersteun omdat hy gesien is as 'n anti-kommunistiese bondgenoot – voortgesette koloniale oorheersing.
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings beheer.
- Bevorderings en die toewysing van staatsinkomste – het gelei tot nepotisme – nie deur die Kongolese verwelkom nie.
- Hy het 'n beleid van Zaïrenasie, 'n beleid wat vaardige/kundige buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee het met ongeskoolde plaaslike mense vervang – wat tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leierskaprolle gelei het.



Hosted by www.ecexams.co.za.

**Ekonomiese beleide**

- Koloniale erfenisse: (as agtergrond inligting).
  - Uitbuiting – Belgiese welvaart gebaseer op ontginning van katoen, rubberplantasies en myne (koper, tine en diamant) deur koloniale maatskappye; Winste uit minerale (myne) op uitbuiting van Kongolese werkers gebaseer.
  - By onafhanklikheid is Kongo as die welvarendste beskou, maar met die ekonomiese rykdom wat deur buitelandse eienaars besit word.
- Mobutu erf ŉ kapitalistiese ekonomie (van België).
- Ekonomie in die hande van wit setlaars en buitelanders.
- Sommige ekonomie ryk aan natuurlike hulpbronne: koper, kobalt, diamante en ander materiale wat op buitelandse investering gebaseer was.
- Hy het nasionalisering ingestel: Mobutu het die land se kopermynbou bedryf genasionaliseer en winste uit die koperbedryf gebruik om sy 10-jaar industrialisasieplan te finansier (wat pro-Kongolees op sigwaarde verskyn het).
- Genasionaliseerde maatskappye in buitelandse besit sonder vergoeding (verskyn pro-Kongolees op sigwaarde).
- Buitelandse maatskappye wat onder beheer van sy bondgenote en familielede geplaas is.
- Zairianisering bekend gestel (vervang buitelanders met Zairiaanse burgers) (goeie leierskap – bemagtiging van plaaslike inwoners en keer paternalisme om).
- Zairianisering het gelei tot korrupsie, nepotisme, diefstal en wanbestuur.
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitisme (Groot gaping tussen die elite en gewone burgers/ryk en arm geskep) (swak leierskap).
- Swak ekonomiese beleid het gelei tot die afname in die toestand van infrastruktuur soos paaie, ens. – Kongolese negatief geraak wat nie deur die Kongolese verwelkom is nie.
- Mobuto het ŉ kleptokrasie geskep – waarin ŉ groep aangestelde staatsamptenare hul posisie vir finansiële gewin (korrupsie) misbruik het.
- Mobuto is gedwing om Retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars) (ondoeltreffendheid van Zairianisering) in te stel – mislukte beleid.
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer.
- Kongo se ekonomie het ineengestort (swak ekonomiese beleid) – negatiewe impak op Kongolese.
- Kongo het afhanklik geraak van buitelandse hulp en belegging, bv. van die Wêreldbank onder koloniale invloed bly wat nie deur die Kongolese verwelkom word nie.
- Mobutu het lewenslank as president tot sy dood in 2007 gebly.
- Enige ander relevante antwoord.

- Gevolgtrekking: Kandidate moet argumente met relevante slot saamvat. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

**VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's – DIE SWARTMAGBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling dat die Swartmag-filosofie daarin geslaag het om swart trots, selfstandigheid en die verdediging van Afro-Amerikaner se regte in die 1960's te vestig. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOF ASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur aan te dui tot watter mate die Swartmag – filosofie het daarin geslaag om swart trots, selfstandigheid en die verdediging van Afro-Amerikaner se regte in die 1960's te vestig. Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING**

- Omstandighede in die VSA: (Agtergrond inligting)
- Swart Amerikaners is steeds ekonomies en polities onderdruk in die VSA as gevolg van diskriminerende (Jim Crow) wette
- Gebrek aan 'n gevoel van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (woon in ghetto's en krotbuurte/swak behuising/onvoldoende fasiliteite)
- Swart Amerikaners het ongeduldig geraak met die stadige pas van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
- Swart Amerikaners was aan polisiebrutaliteit onderwerp – het tot die groei van nasionalitiese gevoelens gelei.
- Swartmag–filosofie het voorgestaan om vertroue by Afro-Amerikaners te vestig
- Die bevordering van 'n gevoel van selfgelding; selfstandigheid; swart trots; beheer van politiek in hul eie gemeenskappe (voorgestaan deur Stockley Carmichael);
- Swart-Amerikaners om hulself teen polisiebrutaliteit te beskerm.
- Swart-Amerikaners om vryheid van Blanke gesag te soek.
- Bevordering van Afro-haarstyl en Afrika-klere en het die slagspreuk 'Swart is pragtig geskep'; (het daarin geslaag om minderwaardigheidskompleks uit te skakel).
- 1966 Bobby Searle en Huey Newton stig die Black Panther Party (BPP) vir selfverdediging – teen polisiebrutaliteit (het daarin geslaag om Afro-Amerikaners aan te moedig om selfgeldend te wees en vertroue in te boesem).
- BPP se tienpuntplan sal vertroue by Afro-Amerikaners inboesem–sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte wat geformuleer is vir die opheffing van die Afro-Amerikaanse gemeenskap.
- Die Black Panther Party het voedingskemas, kindersorg- en geletterdheidsprojekte in swart gemeenskappe bedryf – die voedingskemas het honger onder die jeug uitgeroei en leer in skole verbeter (vertroue ingeboesem).
- BPP-geletterdheidsprojekte het ongeletterdheid onder die Afro-Amerikaners gemeenskappe uitgeroei (vertroue ingeboesem).
- BPP-kindersorgprojekte het gesorg vir mediese behoeftes van Afro-Amerikaners in swart gemeenskappe (vertroue ingeboesem).



Hosted by www.ecexams.co.za.

- BPP het geëis dat Afrika-geskiedenis in skole onderrig word.
- BPP het gewild geword en dit het takke in al die groot stede gevestig.
- Die mees voor-die-handliggende vorme van rassisme het tot ŉ einde gekom.
- Rassegeweld het grootliks afgeneem.
- Miljoene swartes is uit armoede gelig.
- Swartes is tot openbare ampte verkies.
- Regstellendeaksiebeleide is vir indiensneming van die regering geïmplementeer.
- Swartes het volle gelykheid met blankes verkry.
- Groter rassetrots en selfvertroue is onder swart mense ingeboesem.
- Swart kiesers is aangemoedig om swart kandidate vir die amp te ondersteun.
- Kiesersregtewet is aanvaar en dit het geletterdheidstoetse uitgeskakel.
- Daar was ŉ toename in staatsbesteding aan behoeftiges.
- Daar was ŉ sosiale en ekonomiese mobiliteit van Afro-Amerikaners.
- Enige ander relevante antwoord.

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.